# Kampkrummels

# Kiepersol

Nuusbrief van Streek Kiepersol

van die

Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie

DESEMBER 2016

# INHOUD

| | |
|---|---|
| Oordenking | 3 |
| Voorsitter sê | 4 |
| Redakteur sê | 4 |
| Saamtrekke 2017 | 5 |
| Lekker Kampnuus | 6 & 7 |
| Fotoalbum | 8 & 9 |
| EB Lisensie en Sleepvoertuig/Woonwa gewigsverhouding debakel | 10 |
| Senior Burgers | 11 |
| Tieners | 12 |
| Kamp Resepte | 12 |
| Verjaardae, Lief & Leed | 13 |
| Huweliksherdenking | 14 |
| Bestuur en voogdelys | 14 & 15 |

## REDAKTEUR

**Elma Bronkhorst**

Sel: 082 469 3559

E-pos: elma.bronkhorst1956@gmail.com

Disapark no 8
Disastraat 68
Clubview

Posbus 10315
Centurion

SAWA Webwerf: http://www.sawa.org.za

Foto's en fotoalbum: Willie Bronkhorst

## Sawa streef daarna om

*- vir Afrikaans georiënteerde kampeerders die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.*

*- vir kampeerders die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.*

*- die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandeling en samewerking met ander instansies.*

*- die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.*

*- in alles die hand van die Skepper te sien en Hom daarvoor te huldig.*



# OORDENKING

## Koning in ’n krip

**Lukas 2:1 - 7** Sy het haar Eerstelingseun ... In ’n krip neergelê, omdat daar vir hulle nie plek in die herberg was nie.

Leer my, Here van Israel en van alle wêreld volke,
wat die geheimenis is van u verborge vleeswording.
Weggesteek, verborge kom U tot en in die wêreld.
Maar hoe maklik is dit om verby die krip,
verby die Seuntjie
te stap n die blinker, aantrekliker gode.
Ook ek, Here, stap dikwels saam met die skare spotters
verby die Seun,
Die onaantreklik Kneg van die Here.
Laat my verstaan dat u verborgenheid in die krip
my help om die kruis te verstaan.
My kruis word u kruis
wat U stilweg opneem deur by my te kom woon.
My eenvoudige plek, my huis met die vuil stal, word ú plek,
die plek waar U woon, in stilte, in verborgenheid,
maar met liefde en hoop.
Gee dat ek in die onseker stilte van die oop veld
en die wye nag, naby aan U sal kom;
dat ek in die dreigende donkerte u verlossende stem sal hoor,
dat my hart deur die stil trooswoorde van die Gees
aangeraak sal word.
Leer my, Here, om hierdie moeiliker, waaghalsige reis,
weg van die spotters, op pad na die Kind toe, aan te pak.
Laat my nie struikel onder my kleingeloof nie.
Leer my om my in die donker nag gelowig aan U oor te gee,
sodat ek veilig kan wees en nooit verlate hoef te voel nie.
En as my hart en verstand vir my anders wil sê,
maak hulle dan stil, sodat hulle kan deel in die vrede
wat U so welbehaaglik - bo al ons verstaan heen -
oor u wêreld uitstort.
Bewus van hoe breekbaar en feilbaar my geloof is,
- gebind aan iets so broos soos ’n Kindjie in ’n krip -
wil ek U nou, Here, veral kom dank
dat die evangelie so helder, met soveel eenvoud
na ons toe kom
dat selfs die herders dit kon verstaan.

**Deur Pieter G R de Villiers**



## Die Voorsitter sê:

## Seëngroet en Voorspoedige nuwe jaar

**Willie Bronkhorst**



Geagte Kiepersollers,

Wanneer ons terug kyk na die jaar wat verby is, is daar heelwat hoogtepunte om uit te sonder en dan was daar ook een of twee uitdagings.

Hoogtepunte wat ek sou wou uitsonder is die volgende:

- Aantal aangename en goed ondersteunde saamtrekke, o.a. Bush Inn, Presidente, Eastco saam met die NG Gemeente Rooihuiskraal, Gebiedsverga-dering te Weesgerus, AJV en Liracia
- Aangename gees en goeie samewerking van ons lede met die Jafels bak by Bush Inn, Eastco, Weesgerus en koeldrank verkope by die Presidente saamtrek
- Kiepersol lede wat leiding neem by akti-witeite van Sawa op Nasionale vlak:
    - Pieter & Johanna van Biljon – 100+ saamtrek Gebiedsaamtrek
    - Fanie & Marie Marx – EB lisensie Opleiding
    - Willem Nordejé, Fanie Marx en Willie Bronkhorst – 4x4 aktiwiteite
- Senior Burger kuier geleenthede wat deur Frieda Burger gereël en baie goed onder-steun is

Lede wat toekennings by die Kongres ontvang het:

- Theunis Botha – Ere Lidmaatskap
- Pieter & Helena Snyman – Ere Lid-maatskap (oorgeplaas van Satelliet Waterberg)
- Fanie Marx – Presidentsdas
- Pieter van Biljon – Nasionale Ere-toekenning - Hoër Graad
- Ina van den Berg – Nasionale Meriete-toekenning
- Frank Smith – Nasionale Meriete-toekenning
- Paul & Antoinette Kruger – Trofee vir die beste nuusbrief bydrae

Uitdagings vir Kiepersol en die groter Sawa:

- Werf van jonger lede aangesien 50% van ons streek se lede ouer as 60 jaar oud is. Om te verhoed dat ons streek dieselfde pad loop as verskeie ander streke in Sawa is hierdie 'n baie belangrike punt.
- Woonwaparke tariewe – 'n gegewe wat ons as Sawanante sal moet aanvaar, "goedkoop" kampe is iets van die verlede

As ons vorentoe kyk sien ons uit na 'n nuwe jaar vol nuwe uitdagings en geleenthede – die keuse lê by ons om dit as uitdagings of geleenthede te sien. Die beplande Wildtuin toer, Kongres 2017 wat in die Kaap aangebied word en vooruitsigte van toere na die kongres. Ons het ook 'n jaarprogram met 'n paar lekker saamtrekke wat on na kan uitsien.

Ek wil vir elkeen van ons lede 'n baie geseënde Kersfees en voorspoedige 2017 toewens. Aan almal wat gaan vakansie hou, ry veilig, gaan geniet 'n welverdiende vakansie en gesinstyd en kom veilig terug om nog 'n aangename en interessante Sawa jaar te ervaar.

## Die Redakteur sê:

## Kersfees

**Elma Bronkhorst**



Baie geluk aan al die Kiepersol lede wat toekennings by die Kongres gekry het.

Die Jaar 2016 is amper verby. Ek wil vir julle almal Geseënde Kersfees toe wens en Voorspoedige Nuwejaar 2017.

Die wat weggaan vir die vakansie moet dit geniet en weer veilig terugkom.

Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort.
Vind jou vreugde in die Here en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.
Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; hy sal sorg. **Ps. 37:3 - 5**

# Saamtrek datums

## Saamtrekke vir 2017

| Datum | Saamtrek | Tipe | Tarief | Senior Burger |
|---|---|---|---|---|
| 20 - 22 Januarie | Bush Inn | Streek | | |
| 03 - 05 Februarie | ? Oop NUB | Algemeen | | |
| 17 - 19 Februarie | Drie Berge | Streek | | |
| 10 - 12 Maart | Kaia Manzi 100+ | Algemeen | | |
| 17 - 21 Maart | ? Saam met NG RHK | Streek | | |
| 11 - 12 April | Klipdraai | Algemeen | | |
| 13 - 17 April | Klipdraai | Algemeen | | |
| 19 - 21 Mei | Dube | Streek | | |
| 21 - 22 Mei | Dube | Streek | | Ja |
| 15 - 18 Junie | Gebied /4x4/Jeug - Weesgerus | Streek | | |
| 21 - 23 Julie | Manyane | Streek | | |
| 18 - 20 Augustus | Dube - AJV | Streek | | |
| 22 - 25 September | San Cha Len | Streek | | |
| 25 - 26 September | San Cha Len | Streek | | Ja |
| 25 Sep - 08 Okt | Wildtuin toer | Streek | | |
| 13 - 15 Oktober | Kongres | Algemeen | | |
| 20 - 22Oktober | Nkwe | Streek | | |
| 17 - 19 November | Liracia | Streek | | |

# Lekker Kampnuus



## Nasionaal - Koppisol
## 21 - 25 September 2016

**Willie Bronkhorst**

Die jaarlikse Nasionale saamtrek is tydens die naweek 23 tot 25 September te Koppisol aangebied. Gebied Oos Transvaal aangebied.

Toe ek en Elma Vrydagoggend so net na 07:00 daar opdaag was Fanie & Marie Marx, Seef & Susan Delport asook Martiens en Bets Joubert reeds daar van die vorige dag af. EK het gou die wa opgeslaan en moes toe maar Sasolburg toe ry om te gaan werk. Frieda ry op haar eie tot by die kampterrein sonder trane en telefoonoproepe – net omdat sy aandag gegee het toe die pad verduidelik is. Later die middag sluit Riaan & Marnet Steenkamp ook by die saamtrek aan. Na boekevat en ete kuier ons heerlik saam totdat ons gaan inkruip vir die nag.

Saterdagoggend vroeg, word die baan wat gebruik gaan word om die mense te leer om die woonwa terug te stoot deur Fanie & Marie Marx uitgemerk. Na die boekevat bied Fanie Marx weer die teorie gedeelte van die opleiding aan. Hy verduidelik die wetlike vereistes aangaande die lisensie wat nodig is om 'n woonwa te mag sleep en ook wat die wetlike vereistes is t.o.v. die verskillende gewig vereistes en limiete. Dit gons in die saal en veral toe die manne die geleentheid kry om na die woonwa en sleepvoertuig inligting te gaan kyk, toe moes Fanie bontstaan om te verduidelik.

Na middagete is daar 'n paar persone wat die praktiese opleiding aanpak, een jong dame wat dapper/moedig/onverskrokke genoeg is om vir die eerste keer en pas nadat sy twee weke vantevore haar bestuurslisensie gekry het.

Later die aantrek die mense die interessantste klere en kleure aan vir die "partytjie met 'n tema". Die persoon moes aantrek na aanleiding van die letter waarmee sy / haar naam begin en die tafels tema moes afgelei word van die letter waarmee die streek se naam begin. 'n Paar interessante monderings het te vore gekom. Sien foto's in die fotoalbum.

Ongelukkig moes die naweek tot 'n einde kom en na die kerkdiens het die meeste ouens opgepak en huiswaarts moes keer. Gelukkig kom ons en Frieda nog 'n nag oorbly aangesien ek Maandag weer Sasolburg toe moes gaan vir werk.

## Marula Oase
## 21 - 23 Oktober 2016

**Willie Bronkhorst**

Twaalf van ons lede plus een gas het die saamtrek te Marula Oase bygewoon. Vrydagaand kuier 'n paar van ons rustig om braaivleis vure tot so teen 20:30 voordat dit so stil, stil bed toe gaan.

Saterdagoggend vertrek twee voertuie, die Toyota Prado van Willem Nordejé met Willem, Maria, Fanie, Marie en Willem Daniël en die Ford Ranger van Willie Bronkhorst met Willie, Willie Lubbinge, MC de Swart Helena en Pieter Snayman na Aardwolf net buite Modimolle om te gaan 4x4 ry. Fanie Marx junior ontmoet ons daar met die Chev Bakkie wat ek sommer die Beast gedoop het.

Ons pak die 4x4 baan wat heelwat tegniese en minder tegniese uitdagings bied en die manne en die voertuie geniet hul gate uit. Na die eerste helfte voltooi is keer ons terug na die lapa waar die dors geles word en sommer net lekker gekuier word. Ons pak die tweede helfte aan, die slag loop Fanie senior voor en kies die roete met groot sorg wat vir heelwat pret sorg, veral die die moddergat wat nogal 'n bietjie meer vernuf verg as die ander. Marie ry saam met Fanie junior in die Beast en toets haar senuwees tot die uiterste. Teen 14:30 keer ons terug na die woonwapark om die beloftes aan die vrouens na te kom en om die Curriebeker eindstryd te gaan kyk.

Die aand kuier ons saam om die braaivleisvure waar Willem Nordejé ons trakteer met die heerlikste gebraaide "Rump" en verskeie ander bykosse. Die Sawa vrouens kan kos maak. Ons kuier en gesels totdat die oggend se aktiwiteite hul tol op die manne begin eis en almal gaan inkruip.

Sondagoggend word ons wakker met die heerlikste

vars geur na die donderstorm wat deur die nag ’n stewige reënbui uitgestort het. Ons kyk die erediens wat oor televisie uitgesaai word en hanteer die afsluiting. Ons verwelkom vir Danie en Tina Potgieter wat as gaste saam gekamp het en besluit het om aan te sluit – welkom en ons hoop julle sal nog baie saamtrek bywoon.

Na ’n allemintige middagete in die restaurant moet ’n paar van ons oppak en huiswaarts keer, maar soos gewoonlik is daar ’n paar ouens wat nog Sondagaand en selfs Maandagaand daar kuier voordat hulle Dinsdag huis toe kom.

Dankie, vir ’n heerlike saamtrek.

## Liracia - Kerskamp
## 18 - 20 November 2016

**Pieter en Johanna van Biljon**
**Martiens en Bets Joubert**

Om as kampkommandante by 'n streekkamp op te tree begin voorbereidings alreeds week voor die beplande datum, so na dit bekend is wie kom kamp is die aankope en beplanning gedoen.

Die roomys vir die nagereg Saterdagaand word sommer oppad aangekoop, en dan is ons reg vir die kamp. Ons en Betsie en Martiens Joubert, en Theunis Botha kom saam by die kamp terrein aan, Johan, Alet en MC, Marie de Swart het alreeds hul woonwaens staan gemaak. Die gebruiklike nes skrop met soek vir koelte, gras en 'n gelyk staanplek vind plaas. Die res Kiepersollers voeg hul in die warm bosveld temperatuur deur die dag by ons aan. Die swembad word deur van die lede gebruik vir afkoel en is verfrissend in die hitte.

Vrydagaand is daar gesamentlike braai (die gebruiklike op naweek) vooraf gegaan met die boekevat deur Betsie waar sy die Kersverhaal vir ons voorhou. Daar word gekuier tot die "koel naglug" ons bed toe jaag.

Saterdag oggend is rustig, party lede stap of kuier in die koeler bewolkte weer. Die voorbereidings vir die aand funksie begin is aller êrens, rys kook, maalvleis gaar maak en opsny van ander groente vir die "Meksikaanse Burger". Die boodskap wat deur die kamp aan die lede gegee word , bring eie stoel, vurk, en eie drank/glase word skepties bevraag teken ..... hoe eet n mens 'n burger met vurk? kan ek my eie brood bring? gaan ons ooit versadig word met die kos? Dertien geregte word in spesifieke volgorde geplaas en word lepels gewyse ingeskep. 'n kleurvolle lagies ete wat alle verwagtings oor skrei het, is genuttig.

Na ete word boekevat gelei deur myself en Pieter en aand afgesluit met roomys en rooi arbei sous. Baie dankie aan MC de Swart en ander lede wat gehelp skottelgoed was en opruim. Dit het vroeër die aand begin reën en die versierde woonwaens met Kersliggies het die bosveld in sprokiesland omskep, dankie vir almal wat meegedoen het.

Sondag is die naweek afgesluit met cd opname van Ds Callie Roos, waarna die gebruiklike afsluiting deur Willie ons voorsitter. Daar was ook 'n saam ontbyt geleentheid vir die wat so wil. Traag is daar opgepak na 'n aangename naweek. Baie dankie aan almal wat die naweek bygewoon het.

'n Geseënde Kerstyd en Voorspoed vir die jaar 2017 waar ons mekaar dv dan weer sien.





# Foto Album - Nasionaal, Koppisol

Die Kiepersol Tafel - Tema Kersfees

Kiepersollers kuier saam om ons tafel









Fariseër & Maria

Vinkie Vadoek

Mummie

Windpomp—Wesrand

# Foto Album - Kerskamp, Liracia

Kiepersollers kuier saam en geniet die Mexikaanse Hamburger









Middel Onder: Kampkommandante - Martiens & Bets Joubert en Johanna & Pieter van Biljon





Oom Gert Rall ontvang 200 ste Streek saamtrek plaatjie

Dit is wat Sondagmiddagete aan jou doen

# Foto Album - Senior Burger ete, Shelanti

Die senior burgers kuier 'n hond uit 'n bos uit









# Foto Album - Marula Oase

Theunis Botha, Pieter & Helena Snyman - Erelidmaatskap toekenning

Danie & Tina Potgieter word welkom geheet

Kampkommandante Elma & Willie Bronkhorst en Frieda Burger






Kiepersollers kuier gesellig saam






Fanie Marx, Willie Bronkhorst en Willem Nordejé ry 4x4.

Nabetragting en dors les sessie






## Die EB Lisensie en Sleepvoertuig / Woonwa gewigsverhouding debakel.

Vraag 1: Watse Lisensie het jy nodig om 'n woonwa te mag sleep?
Antw.: Kom ons kyk wat sê die wet.

**B-voertuiglisensie:**

- Voertuig met BVM nie meer as 3500kg - K53, 2005, Bl2
- Ryhuis met Tarra nie meer as 3500kg
- Sleepwa met BVM nie meer as 750kg
  - Geen sleepwa remme: Minder as 50% van Tarra van Trekvoertuig, (Tarra = 1500kg)
  - Parkeerrem of toestel om sleepwa stilstaande te hou toegerus: Tot en met Tarra van Trekvoertuig
  - Parkeerrem en/of Diensrem: As Tarra van trekvoertuig oorskry word



**EB-voertuiglisensie:**

- Trekvoertuig met BVM nie meer as 3500kg - K53 1.5 (ii) 2005
- Sleepwa/Woonwa met BVM nie meer as 3500kg - K53, bl. 17 D (b) 2005
- BVM van Sleepwa/Woonwa kleiner as Tarra van Trekvoertuig (indien meer as 750kg met inlooprem toegerus)
- Indien BVM van Sleepwa/Woonwa > Tarra van Sleepvoertuig = Parkeerrem en Diensrem - K53, bl. 17 D (c) 2005
- Maksimum Bruto kombinasie massa is dus: BVM van Sleepvoertuig (tot en met 3500 kg) + Tarra van Sleepvoertuig (met Inlooprem aan Sleepwa/Woonwa) &
  - BVM van sleepvoertuig (tot en met 3500kg + BVM van Sleepwa/Woonwa (tot en met 3500kg) toegerus met diensrem
  - Die Bruto kombinasie massa van die sleepvoertuig soos aangedui deur die vervaardiger mag ook nie oorskry word nie

As jy dus 'n sleepwa of woonwa wat meer as 750 kg weeg wil sleep, moet jy in besit wees van 'n EB lisensie. Indien jy jou lisensie voor 1998 gekry het, het jy die EB Lisensie. Persone wat in 2016 jonger as 36 jaar oud is, het dus nie 'n EB Lisensie nie moet die toets doen on die lisensie te bekom.

Vraag 2: Sleepvoertuig / Woonwa gewigsverhouding – wat is reg?

**Komponente van die gewigsverhouding:**

- Tarra (Tare) = Leë Voertuig / Woonwa / Sleepwa
- Bruto (GVM / BVM) = Totale gelaaide massa van Voertuig / Woonwa / Sleepwa
- Bruto kombinasie massa = Totale gelaaide massa van die hele kombinasie
- Watter massa mag ek inlaai = (Bruto – Tarra) vir Voertuig / Woonwa / Sleepwa
- Wat mag ek sleep? Verwys na die gedeelte oor die voertuiglisensies.

Voorbeeld – Nissan Path Finder – Lisensie Skyfie




Laaivermoë:
2 880 kg – 2 165 kg =
**715 kg**

Voorbeeld – Nissan Path Finder – Plaatjie




Sleep vermoë:
5 880 kg – 2 880 kg =
**3 000 kg**

As massas:
1 280 kg + 1 710 kg =
**2 990 kg** (2880)

Gaan kyk na u voertuig / woonwa / sleepwa se lisensie skyfie en plaatjie en of dit ooreenstem. Indien dit verskil kan u moeilikheid kry indien 'n verkeersman u stop.

Skakel gerus met Fanie Marx as u vrae het.



## Seniors



**Frieda Burger**

### Senior Burger funksie
### Shelanti – 15 November 2016

**Paul Kruger**

Dit is nou weer daai vrou Frieda, wat in haar ware tradisie ‘n heerlike funksie gereël het vir al ons ou mense.

Dankie Frieda vir jou entoesiasme en toewyding.

Ons waardeer dit regtig baie. (Dankie ook vir my en Antoinette se hemde).

Die funksie het 10H00 begin met Johan Burger wat soos ‘n SARS amptenaar met die inkomslag die nodige fondse gevorder het.

So het ons ingekom:-
Elma & Willie Bronkhorst
Pieter & Rita Hanekom
Willie & Lenie Lubbinge
Johann & Alet Lemmer
Frank & Hettie Smith
Die kleine dinamiet Tannie Lettie Leach
Paul en Antoinette Kruger
Martiens & Bets Joubert
Bertus & Annetjie Voges
Pierre & Jo de Villiers
Johan & Karen Burger
Oom Theuns Botha
Jerome & Anna Henning
Chris & Millicent
Con & Magriet

En dan natuurlik daai liewe vrou Frieda Burger.

Ek skryf maar so die name neer om almal self beter te leer ken.

Baie dankie aan almal wat die moeite gedoen het om die funksie by te woon. Frieda se oom en tante Chris & Millicent het ook al die pad van die Karoo af hierdie funksie bygewoon en dit was ‘n plesier om met hulle kennis te maak.

Willie het vir ons begin met ‘n paar belangrike aankondigings naamlik:-

1. Dat almal wat volgende jaar September/ October 2017 wildtuin toe wil toer, onmiddellik hulle wildtuin deposit moet betaal;
2. Hy het ook ‘n Nasionale toekenning aan Frank & Hettie oorhandig en groot was my verbasing toe ek en Antoinette die Nasionale wisseltrofee kry vir die beste bydrae tot die streekskoerant. Dit was regtig ‘n groot verrassing.

Die kos in my opinie was regtig baie lekker en die kostes was ook nie teveel nie.

Daar is ook ‘n paar reëlings getref ten opsigte van die volgende kampe wat ons ongelukkig nie kan bywoon nie.

Dit wil vir my voorkom asof daar so ‘n bietjie van ‘n opgewondenheid is oor die toer volgende jaar en dit wil voorkom asof ons die week voor die wildtuin toer eers in die Noord-Transvaal gaan rondry.

Die komitee wat aangewys is:-

Willie Bronkhorst
Johan Burger
Fanie Marx
Wilanda Prinsloo

Die res van die oggend het ons heerlik gesit en gesels en daar het nie eintlik iets vreesliks gebeur nie, behalwe dat ons mekaar besig gehou het.

Teen 12H00 het die eerste mense begin huis toe gaan en so is die funksies dan ook afgesluit.



Frieda heet almal Welkom

Toekennings wat oorhandig is



# Tieners

## Iets te maak vir Kersfees

### Krale en Hartjie String

Benodigdhede

16 cm vislyn
6 middelslag - pers kristal kraletjies
1 groot deurskynende kristal kraletjie
1 pers gekoopte hartjie klokkie
14 cm pers chiffon lint, 2,5 cm breed
afvalstukkies pers lint
2 krimpers
Plat bek handwerk tangetjie

Gebruik vislyn as basis. Ryg een pers Kristal kraal, een groot deurskynende kristal kraletjie, chiffon lint, dan pers Kristal kraal, lint en hou aan tot klaar. Lint word in sig-sagpatroon geryg.

Vou lus aan bokant van versiering en knyp krimper om beginpunt aan vislyn vas.



Ryg hartjie klokkie aan onderkant se oorblywende vislyn deur, vou oor lussie sodat klokkie aan onderkant kan hang.

Knyp krimper om eindpunt aan vislyn vas.

Rond onderkant met afvalstukkies lint af.

## Kamp Resepte



### Roomyspoeding

1 pakkie Romany Creams
60 mℓ gesmelte botter
½ blik caramel-kondensmelk
I ℓ vanieljeroomys

Voer ’n broodpannetjie met kleefplastiek.
Verkrummel die beskuitjies, meng dit met die botter en druk dit in die broodpan se bodem vas.
Roet die caramel-kondensmelk totdat dit loperig is en skep dit oor die beskuitjies. Maak die roomys met ’n houtlepel in ’n groot mengbak sag en skep dit dan bo-oor die kondensmelk.
Vou die poeding se bokant met kleefplastiek toe en vries dit totdat die blok weer hard is.
Dop die poeding op ‘’n groot bord uit, verwyder die kleefplastiek en sny dit in ‘skywe.

# VERJAARSDAE



***Kampkrummels wens graag die lede hieronder baie geluk met hulle verjaarsdae***



**Desember**

02 Tail Pieterse
12 Johanna van Biljon
12 Manie Brits
12 Anna Henning
20 Mike du Preez
20 Willem Nordejé
21 Quintin Prinsloo
22 Martiens de Swardt
25 Chris Joubert
26 Elma Bronkhorst
27 Alet Lemmer
30 Hennie Ferreira

**Januarie**

06 Marie Marx
09 Leonard Lemmer
13 Bea Groenewald
16 Stean van den Berg
16 Chris Adendorff
17 Johan van Huyssteen
18 Wanda Blignaut
19 Bennie Oosthuizen
27 Helena Oosthuizen
29 Willem Pretorius

**Februarie**

06 Eugenie Prinsloo
21 Jo de Villiers
21 Fanie Marx
25 Poen Venter
26 Alida Jordaan
27 Litia Joubert

**Maart**

01 Maria Nordejé
05 Tina Potgieter
10 Martiens Joubert
14 Andre Groenewald
16 Charlie King
18 Suné van Huyssteen
19 Dianne du Preez
21 Mareli Olivier
22 Chantel Baker
25 Helmien van Biljon
25 Marnet Steenkamp



# Lief en Leed



## Lief

MC & Marie de Swardt het na 20 jaar weer 'n kleinseun n ryker geword.

Dit gaan beter met Jerome Henning, hy is uit die hospitaal uit.

Frieda Burger se kleindogter is gekies vir die Jakaranda Kinderkoor.

Willem & Maria Nordeje het ''n kleindogter ryker geword.

Frieda Burger se kleinseun, Wian verskeie toekennings en is gekies as Hoofleier van L/S Kragbron. Schalk ook verskeie toekennings ontvang. Wian het ook Mpumalanga A-span hokkie gekry.

## Mooi Gedagtes Uit die Vrouekeur

Die geskenk van tyd en liefde is sekerlik die basiese bestanddele van ''n waarlik gelukkige Kersfees.

Kersfees swaai 'n towerstaf oor die wêreld wat alles sagter en mooier maak.

Geseën is hulle wat kan gee sonder om te onthou en kan ontvang sonder om te vergeet.

Wat is Kersfees? Dit is **deernis** vir die verlede, **moed** vir die hede en **hoop** vir die toekoms. Dit is 'n brandende **wens** dat elke beker sal oorloop met **ryk en ewige seëninge** en dat elke pad na **vrede** sal lei.

Welkom o stille nag van vrede onder die **Suiderkruis** wyl stemme uit die ou verlede oor **sterre velde** ruis **Kersfees** kom, **Kersfees** kom gee aan **God** die eer skenk ons 'n helder **Somer Kersfees** in hierdie **land**, o Heer.

# Huweliksherdenking



**Desember**

03 Pieter & Rita Hanekom
06 Wouter & Susra van Biljon
06 Charlie & Ronelle King
07 Chris & Litia Joubert
08 Dewald & Helmien van Biljon
12 Bennie & Helena Oosthuizen
13 Jerome & Anna Henning
22 Martiens & Marie de Swardt
23 Paul & Antonette Kruger
24 Willy & Lenie Lubbinge
31 Pieter & Johanna van Biljon

**Januarie**

06 Jannie & Ina v/d Berg
13 André & Bea Groenewald
30 Willem & Amanda Pretorius
30 Bertus & Annetjie Voges

**Februarie**

02 Gregor & Ria van Deventer
02 Willem & Maria Nordejé
07 Guillaume & Alida Jordaan

**Maart**

03 Hennie & Ester Lombard
13 Stef & Martie Maritz
27 Pierre & Jo de Villiers

# Streekbestuur 2016 - 2017 & Voogdelys

## Voorsitter

| | | |
|---|---|---|
| **Willie Bronkhorst** | **S 082 802 6959** | **willie.bronkhorst@vodamail.co.za** |
| Chris Adendorff | S 083 225 9594 | |
| André Baker | S 083 409 3709 | |
| Martiens Joubert | S 072 623 6775 | |
| Willem Nordejé | S 071 483 7671 | |
| Johan van Huyssteen | S 082 709 3616 | |
| Jannie van den Berg | S 082 891 7212 | |
| Louis van den Berg | S 083 277 7307 | |
| Pat Whelan | S 082 550 3359 | |
| Gregor van Deventer | S 082 900 7755 | |
| Danie Potgieter | S 082 558 2288 | |

## Ondervoorsitter

| | | |
|---|---|---|
| **Johan Burger** | **S 082 923 5614** | **johan.burger@telkomsa.net** |
| Wanda Blignaut | S 082 686 2796 | |
| Guillaume Jordaan | S 083 546 5579 | |
| Chris Joubert | S 082 464 3692 | |
| Ronelle King | S 084 444 8282 | |
| Paul Kruger | S 082 573 4479 | |
| Lettie Leach | S 084 208 4417 | |
| Johann Lemmer | S 083 233 9295 | |
| Rigard Lemmer | S 082 786 9928 | |
| Alma Michau | S 072 949 6293 | |



**Bestuur 2016/2017**

Agter - Marnet Steenkamp, Frieda Burger, Elma Bronkhorst, Rina Rall
Voor - Willie Bronkhorst, Johan Burger

## Penningmeester

| | | |
|---|---|---|
| **Rina Rall** | **S 082 462 6286** | **rina@mycomax.com** |
| Pierre de la Harpe | S 082 444 2423 | |
| Hennie Ferreira | S 083 226 3176 | |
| Jerome Henning | S 083 407 8370 | |
| Willy Lubbinge | S 082 957 0781 | |
| Stef Maritz | S 082 378 0140 | |
| Fanie Marx | S 083 280 6633 | |
| Willie Olivier | S 083 288 6760 | |
| Bennie Oosthuizen | S 083 307 1874 | |
| Willem Pretorius | S 082 896 3201 | |
| Gert Rall | S 082 873 3969 | |

## Sekretaris

| | | |
|---|---|---|
| **Marnet Steenkamp** | **S 076 197 4430** | **marnet@wistec.co.za** |
| Theunis Botha | S 083 653 4911 | |
| Manie Brits | S 083 737 6797 | |
| Mike du Preez | S 071 896 9976 | |
| Pieter Hanekom | S 082 923 6360 | |
| Frank Smith | S 082 882 5299 | |
| Dewald van Biljon | S 083 709 9936 | |
| Pieter van Biljon | S 082 574 6903 | |
| Wouter van Biljon | S 083 364 9093 | |
| Jan Venter | S 072 554 6840 | |
| Poen Venter | S 083 264 6141 | |

## Addisionele lid / Nuusbrief Redakteur

| | | |
|---|---|---|
| **Elma Bronkhorst** | **S 082 469 3559** | **elma.bronkhorst1956@gmail.com** |

## Addisionele lid / Senior Burger Verteenwoordiger

| | | |
|---|---|---|
| **Frieda Burger** | **S 082 894 7852** | **frieda.burger@vodamail.co.za** |
| Con Arnold | S 072 462 2602 | |
| Martiens de Swardt | S 084 664 4147 | |
| Pierre de Villiers | S 083 969 1875 | |
| Seef Delport | S 082 956 2438 | |
| André Groenewald | S 083 260 4839 | |
| Jan Hartzer | S 082 851 8202 | |
| Quintin Prinsloo | S 083 397 6417 | |
| Martie van der Merwe | S 083 653 2075 | |
| Bertus Voges | S 083 264 9300 | |
| Pieter Snyman | | |

## Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499




## Discovery Caravan & Outdoor - 2015 Handelaar van die Jaar!!!

446 Cliff Laan, Waterkloofrif, Pretoria, 0181
Telefoonnommers:
012 751 3329 / 074 610 8050 – Woonwaens
012 751 4175 / 074 600 9129 – Winkel
012 751 3328 / 082 220 2020 – Werkswinkel

**Web adres:** www.camplife.co.za waar jy interaktief aanlyn dienste kan bespreek, aansoek doen vir finansiering teenoor woonwa en sleepwa en toebehore kan koop op ons aanlyn winkel.




Ons kundige span sal u bystaan met alle hulp en raad aangaande kampeer benodighede.